# GESONDHEIDSRISIKO'S NABY VULLISTERREINE

**Die Stad Kaapstad se vullisterreine word deur die provinsiale departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning (DEADP) gereguleer. Vir die wettige bedryf van vullisterreine moet die Stad streng reëls nakom wat die gesondheid van die omgewing en omliggende gemeenskappe beskerm.**

Een van hierdie reëls is die handhawing van 'n buffersone rondom die vullisterrein waar geen ontwikkeling toegelaat word nie. Dit is omdat vullisterreine potensieel skadelike gasse vrystel. Wanneer dit in die lug is, kan die wind die vullisterreingasse na omliggende gebiede dra.

## GEVARE VAN ONTPLOFFING

Vullisterreingas kan 'n plofbare mengsel vorm wanneer dit in die regte hoeveelhede met lug kombineer. As daar toe strukture in die buffersone van 'n vullisterrein is, kan die plofbare gasse daar versamel en ontplof. Metaan is dié deel van vullisterreingas wat die waarskynlikste 'n ontploffing sal veroorsaak. Binne die vullisterrein is die konsentrasies metaan bo potensieel plofbare vlakke, maar soos die metaan van die vullisterrein af wegdryf en verdun raak, kan dit plofbare vlakke bereik.

## RISIKO VAN VERSMORING

Vullisterreingas kan versmoring veroorsaak as dit in 'n toe ruimte versamel. Dit kan die bestaande lug verplaas sodat daar nie genoeg suurstof vir asemhaling is nie. Enige van die gasse wat van die vullisterrein kom, kan in die regte toestande versmoring veroorsaak.

## ANDER GESONDHEIDSRISIKO'S

Dampe van organiese afval wat in vullisterreine ontbind, is 'n mengsel van baie verskillende gasse wat mense se gesondheid kan aantas indien dit in voldoende hoeveelhede of vir lank genoeg ingeasem word. Een van die algemener risiko's is swaelwaterstof (waterstofsulfied - ook bekend as rioolgas) wat in vullisterreingas teenwoordig is. Die moontlike gesondheidsimpak van blootstelling hang af van hoeveel iemand inasem en vir hoe lank. Moontlike gevolge wissel van hoofpyne of brandende oë tot bewusteloosheid en die dood. Mense in die buffersone van 'n vullisterrein kan herhaaldelik aan hierdie gas blootgestel word. Daar is ook 'n gesondheidsrisiko verbonde aan moontlike reaksies tussen gevaarlike chemikalieë wat onbehoorlik/onwettig op vullisterreine weggegooi word, veral nywerheidsafval.




### Gevolgtrekking

**Daar kan verskillende gesondheidsgevolge wees vir dié wat naby vullisterreine woon. Benewens die risiko's wat hier bo verduidelik word, kan daar ander wees wat nie goed verstaan word of nog nie bewys is nie. Om enige moontlike gesondheidskade te voorkom, vereis die reguleerder (DEADP) dat die Stad 'n buffersone handhaaf. As 'n buffersone nie gehandhaaf word nie, kan die lisensie vir afvalbestuur op die terrein herroep word met drastiese gevolge vir die samelewing in sy geheel.**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.